

SKRIFLESING

Habakuk 1:2-4 en 12-13; 2:1; 3

Tema: Die Here is 'n Almagtige God wat Sy kinders liefhet.

As daar nou een omgekrapte profeet in die Ou Testament was, dan was dit Habakuk. Sy openingswoorde in hoofstuk 1 is vol verwyte en klagtes teenoor God. Sy gebed is vol waaroms en hoekoms en hoe lank nog? Redes vir sy ontsteldheid is meer as genoeg. 'n Goddelose koning Jojakim staan aan die stuur van sake in Jerusalem. Hy leef in 'n wêreld vol onreg, ellende, onderdrukking en geweld. Die Galdeërs was aan die kom om Israel in te val. En asof dit nie erg genoeg is nie, het dit vir Habakuk gevoel asof God Hom nie aan Sy volk steur nie en niks aan Sy volk se haglike omstandighede doen nie.

Dit klink amper of Habakuk vandag een van ons is.

In hoofstuk 2 lees ons egter van een goeie besluit wat Habakuk in sy opstandigheid gemaak het. Hy het op 'n uitkyktoring gaan staan en begin wag om te hoor wat God vir hom wil sê.

Hy soek biddend die teenwoordigheid van God op. Hy is absoluut eerlik in sy twyfel. Hy worstel met die Here. Habakuk kla by die Here: "Waarom laat U toe dat die goddelose die oorhand oor die regverdige kry? Waarom laat U soveel onreg toe? Dit lyk of U afwesig is. Die samelewing verval. Oral heers onreg, chaos en geweld. U bly stil as U kinders bid."

Eers toe hy in geloof klein geraak het voor God, toe hy begin wag en luister, kon hy weer God se stem onderskei bo sy eie klagtes.

Dit is so belangrik vir ons dat ons sal soek na God in 'n tyd waarin ons oral tekens van gruwelike onreg sien en waarin ons ook wonder of God nog in beheer is. Moenie vinger of vuus wys nie. Wag op God. Wag begin in ons binnekamer waar ons stilraak voor Hom. Praat met God. Bid, maak jou hart oop en praat die saak met Hom uit. As jy nie meer kan praat nie, baklei dan met met God, maar bly net met Hom besig.

Habakuk het bly soek na God en hy het Sy magtige verskyning op 'n aangrypende manier beleef soos nog nooit tevore in sy lewe nie. Daar in sy stilword en luister het Habakuk God nuut gesien. Daar het hy weer die almag van God beleef.

In Hoofstuk 3 begin hy biddend sing oor God se almag. Hoor hoe beskryf hy God se heerlikheid. Is God nog vir jou so 'n God?

Habakuk 3 vers 3b-6 : ³Die hemelruim is vol van Sy majesteit, die aarde vol van Sy roem. ⁴Hy kom met die glans van die lig, weerligte blits uit Sy hand, Sy hand so vol mag. ⁵Voor Hom uit gaan die pes, in Sy voetstappe volg die dood. ⁶Wanneer Hy staan, skud die aarde; wanneer Hy kyk, bewe die nasies. Die eeue-oue berge verkrummel, die ou-ou heuwels val inmekaar, die berge waaroor Hy van ouds af gewandel het!

Habakuk 3 vers 9b-13: ⁹U het die aarde oopgebreek en riviere laat stroom. ¹⁰Toe die berge U sien, het hulle gebewe, stormwaters het verbygespoel, die diep water het gedreun en sy golwe hoog laat opslaan. ¹¹Toe U vlieënde pyle blits en U blink spies flikker, het die son en die maan gaan stilstaan op hulle plek. ¹²In U gramskap stap U oor die aarde, in u toorn vertrap U die nasies. ¹³U het uitgegaan om U volk te red, om U

gesalfde koning te red. U verpletter die aanvoerder van die goddeloses, U stroop hulle kaal van kop tot tone. Sela

Habakuk se besef van wie God is, laat drie dinge met Hom gebeur:

1. Sy besef van wie God is, vervul hom met ontsag.

Berge wat bewe en stormwaters wat skud, laat hom verstaan hoe sterk die Here en hoe swak hy is. Die goddelose verkrummel as die Here verskyn. Magtige weermagte word in een oogwink platgevee. Hy het die Galdeërs gebruik om sy volk te straf omdat hulle in sonde volhard het. Maar Hy sal hulle ook weer vernietig. Niks of niemand is opgewasse teen Hom nie.

Die ervaring van God se almag het Habakuk diep geraak. Ons lees in Habakuk 3:16: "Toe ek hierdie dinge hoor, het ek gesidder, my lippe het gebewe, my hele liggaam het lam geword, my bene het aan die ruk gegaan. Tog sal ek geduldig wag dat die dag van die oordeel moet kom oor die volk deur wie ons aangeval is."

Oom Angus het tydens een Mighty Men Conference op Greytown gesê: "God is nie jou pêl nie." Dit is geen grap om in die Here vas te loop nie, nie eens vir sy mees getroue profete nie.

Ons mag nie onnadenkend, roekeloos of respekloos in God se teenwoordigheid rondstaan nie. Hy is nie ons pêl nie. Hoor as Hy ons oproep in Ps 46:11: "Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde." Erken Hom en aanbid Hom vir wie Hy is. Buig elke dag voor Hom in eerbied.

2. Habakuk se besef van wie God is, laat hom 'n lofsang sing.

Dit is vandag 'n gewilde lied, 'n maklike en lekker lied om te sing. Maar dit vat geloof in God almagtig om dit te bly jubel as ek alles verloor en die samelewing rondom my ineerstort.

Habakuk jubel met uitgelate vreugde: Hab 3:17-18: "17Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, 18noggans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder."

Al is daar 'n klomp goed in my lewe wat ek nie kan verstaan nie. Al is daar baie swaarkry. Die Here is my God en my Redder. Die leë kruis bewys dat Hy my altyd liefhet. Al is ek in 'n stryd met die Here. Hy los my nooit. In geloof hou ek krampagtig aan Hom vas. En ek weet - al verstaan ek nie of voel ek vir seker nie so nie - Hy is my Here en my God.

3. Habakuk se besef van wie God is, gee hom krag in sy swaarkry.

Om Christen te wees, beteken nie dat alles net sal goedgaan en ons net maklike paaie sal loop nie. Daar kom moeilike en gevaarlike tye in 'n Christen se lewe, maar vandag weet ons steeds dit wat in Hab 3:19 staan: "Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop."

Stephan Joubert skryf: "Terwyl ons in die basiskamp van ons lewens op veilige plekke rondsit, gaan ons geloof nie groei nie. Teen die berg op, te midde van toetse, gevegte, teenstand en moeilikhede oefen ons om in geloof God se hand stywer vas te hou en alles van Hom te verwag. Daar, terwyl ons worstel teen die berge van toetsing op, verander Hy ons. Terwyl ons die bergspitse van die lewe aandurf, is God tree vir tree besig om ons sterk te maak. Daar is God tree vir tree besig om ons te vorm en vir ons ribbokvoete van krag, lewenslus en vryheid te gee."

Terwyl die storms om ons slaan, as ons meer vrae as antwoorde het, kom ons bedaar en erken dat die Here ons almagtige God is. Wag op Hom. Luister na Hom. Gaan leef die boodskap van die leë kruis dat Hy ons as Sy kinders altyd liefhet, uit. Gaan leef Godgefokusde lewens gevul met ontsag, lofsang en krag.

Amen